

Woensdag 6 Desember

Skrifgedeelte: Numeri 24:10-25

Fokusgedeelte: Numeri 24:17

Christus verlig ons pad deur sy Gees en Woord

Die waarsêr Bileam moet Israel vloek, maar God lê op sy woorde beslag om Israel te seën. Hy profeteer dus deur die Heilige Gees in ons teks en sien die vestiging van Israel se koningskap wat uitloop op Christus: “’n Ster kom te voorskyn uit Jakob, en ’n septer kom uit Israel op ...”

Christus noem Homself die blinkende Môrster. Hy is die Lig wat vir die wêreld gekom het om ons deur sy liggende Woord op al ons paaie te lei, en Hy skyn die helderste op die donker paaie van ons lewe. Ons as gelowiges het nie kunsmatige sterre met Kersfees nodig nie. Ons ken en dien die ware Ster uit Jakob, Jesus Christus, die enigste en ware lig wat die sondeduisternis in ons lewe en om ons deur die lig van sy Woord verjaag en ons so deur sy Gees lei.

Hy is egter ook *die Septer uit Israel*. Bileam profeteer hoe verpletterend en vernietigend sy septer sou neerkom op alle volke wat hulle teen die ryk van Israel en later teen die koninkryk van die hemel verset. Almal wat nie leef vanuit die lig en leiding van die Ster van Jakob nie, maar hulle teen Hom verset, gaan verplettering deur die Septer uit Israel tegemoet.

As ons egter lewe in die ware lig van die Woord deur die Heilige Gees, sal ons ons eerbiedig en gehoorsaam buig onder die septer van sy heerskappy en Hom as enigste Koning oor ons erken. Vir God se kinders is Christus se septer immers nie ’n ystere heerserstaf nie, maar ’n lieflike herderstaf om te lei na stille waters, veilig te lei, al gaan hulle ook deur donker doodskaduwees heen.

Sing: Skrifberyming 4-7:2

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)